# WIE EN WAT IS DIE HOER?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIFLESING IN HIERDIE LESING:

**Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

**2 Thessalonicense 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**

**2 Thessalonicense 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**

-o0o-

Ek seën almal in die naam van onse Here Jesus Christus.

Alvorens ons begin met die lesings oor die Oordele (verwys Webblad), wil ek net graag meer duidelikheid gee rondom die groot hoer, waarvan ons lees in Openbaring hoofstukke 17 en 18, asook 'n gedeelte in hoofstuk 19.

- **Wie en wat is die groot hoer?**
- **En wat simboliseer dit?**

### 1. GOD SE BELONING VIR SY SEUN

Ons moet onthou dat, van die begin af, het God die Vader beplan om vir Christus Jesus 'n geskenk te gee as gevolg van Sy gehoorsaamheid vir die prys wat Hy bereid was om te betaal vir die mensdom. Ons lees daarvan in Johannes 3 vers 16.

Johannes 3:6 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Daardie prys wat Hy sal kry, Sy ewigheidsloon, sal dan 'n bruid wees wat deur Hom, God die Vader, self uitverkies en voorberei sal word om Sy seun se loon te wees. Met ander woorde om Sy huweliksmaat, Sy eenheid te wees en waarin die Heilige Gees vir ewig sal woon. Dit is die derde tempel.

- Nog iets belangriks om te onthou, is dat die Gees van God **ín** die Bruid, saam met die Woord, in die ewigheid sal heers.

### 2. OORSPRONG VAN DIE HOER

Satan is egter nie 'n skepper of stigter of outeur nie, daarom kyk hy na alles wat God maak, wat in die Woord geskryf staan en wat deur profesieë gegee word en maak dan nabootsels daarvan. Hy probeer dan om 'n soortgelyke ding op die toneel te bring, wat hy altyd eerste op die voorgrond plaas. Sodoende probeer hy daardeur om sy saad eerste te saai sodat daar swangerskap kan kom, dat sy saad altyd eerste vrug sal dra, en dat die saad van dáárdie vrug weer sal voortplant en vermeerder, byvoorbeeld soos met 'n mielie-oes.

-o0o-

Satan het ook vir hom ‘n bruid voorberei wat nou, in hierdie tyd, in hierdie laaste dae, hier op die aarde heers. Sy doel daarmee is om te probeer om die Bruid van Christus te affekteer, te beïnvloed, te benadeel ... sodat sy nie ‘n suiwer, rein en heilige Bruid sal wees die dag wanneer Christus Jesus kom nie. Hy probeer alles in sy vermoë om die Bruid te keer of te verhinder om eendag die Bruidegom se loon te kan wees.

Dit het hy gedoen in die vorm van die Babiloniese sisteem wat dan nou hier op aarde heers, nes Christus die Woord, en die Bruid met die Heilige Gees, in die ewigheid sal heers. Hierdie bruid wat hy gekies het, hierdie koninkryk of sisteem wat hy tot stand laat kom het, is die **groot hoer** waarvan ons in die Bybel lees. Hy weet dat hy nie ewigheid toe kan gaan nie, daarom wend hy ‘n laaste poging aan om te verhoed dat die dinge wat moet gebeur, sal plaasvind.

Hierdie vrou, hierdie koninkryk wat hy dan nou vir homself gestel het op die aarde, is die Babiloniese sisteem waarna die Woord verwys. Dit bestaan uit vyf elemente. Die simbool daarvan is die 5-punt ster van Lucifer wat in die vorm van die pentagram uitgebeeld word. Dit verteenwoordig:

- Politiek
- Tradisies
- Mammon
- Hoerery en
- Okkulte.

### 3. SATAN IS GENAAKLOOS

Met daardie vyf tentakels of arms, beheer, regeer en hanteer hy vandag die ganse wêreld. Tydens die Covid-pandemie kon ons sien hoe ontsaglik sterk hierdie mag van Satan is wat hy gebruik en misbruik, en dit vir net een doel - om die heiliges onder sy mag te kry, om onder sy outoriteit te kan kom sodat hy heerskappy kan verkry. Dit is ook waarom ek gesê het dat al hierdie dinge ‘n aanloop is na dit wat gaan kom. Hy probeer verhoed dat die merk van die dier en alles wat daarmee gepaard gaan, in God se hande beland, want hy wil totaal in beheer wees.

- ➢ God die Vader gaan dit egter só bewerkstellig dat die Bruid teen daardie tyd al weggeraap sal wees. Die Bybel is baie duidelik daaromtrent dat lig die duisternis teëhou

2 Thessalonicense 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.
2 Thessalonicense 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

Dit is hierdie klip, hierdie rots wat die koudheid, hardheid, genadeloosheid, leweloosheid en liefdeloosheid van hierdie sisteem verteenwoordig, wat wil verhoed dat die opstanding plaasvind.

Dit is waarom daar ‘n aardbewing moet plaasvind, ‘n aardbewing wat die oordeel gaan wees wat die groot hoer sal laat val, wat die klip sal laat wegrol. Die gevolg sal wees dat Jerigo, die hele Babiloniese sisteem sal vernietig word. Daar sal nooit meer geld wees nie, daar sal nooit meer okkulte ensovoorts wees nie, want alles sal vernietig word tydens die oordeel wat op hierdie aarde gaan kom.

Die groot hoer waarna in die Bybel verwys word, is die bruid van Satan wat ‘n namaaksel van Christus se Bruid is, die koue Babiloniese sisteem wat hy tot stand laat kom het, wat nou heerskappy op die aarde voer om my en jou te verhoed om eendag Christus te Bruid te kan wees.

### 4. KOM UIT DIE HOER SE KLOUE

i) Dit is hoekom God in Sy woord sê: kom uit haar uit my volk.
Openbaring 18:4 En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

-o0o-

Die Here sê ook dat ons in hierdie wêreld is, maar dat ons nie deel van dit moet word nie, daarom moet ons nie toelaat dat die dinge van die wêreld, die vrees en alles wat in die wêreld ingekom het, 'n invloed op ons hê nie.
Romeine 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

ii) Ons moenie verkeerde besluite neem nie, maar eerder toelaat dat die Gees van God ons lei sodat ons veilig kan wees; toelaat dat die Gees van die Here vir ons wysheid, leiding en krag gee.
Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

## 5. GOD SE BELOFTE

i) Hy sê ook in Sy woord dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie.
Hebreërs 13:5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

ii) Jesus waarsku ons baie duidelik in die Woord dat hierdie dinge sal gebeur, maar dan bemoedig Hy ons met die woorde: "hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".
Johannes 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Ons, as die liggaam van Christus Jesus, se oorwinning is net in die Lam van God. Dit is net in die woord van God en dit is net Hy wat aan ons daardie beskerming kan gee. Daarom moet ek en jy elke dag nader en nader en nader aan Hom beweeg en aan Sy sy bly.

**Binnekamer Verhouding**

Dit is hoekom ek, met die begin van Covid-19 gesê het dat ek glo dat hierdie hele ding deur die Vader toegelaat word sodat mense weer kan terugkeer na 'n binnekamer-verhouding; hulleself sal ondersoek om te kyk of hulle maar net gewoond daaraan is om kerk toe te gaan, en of dit gaan oor 'n diepe verhouding met die Bruidegom, want dit is net 'n diepe verhouding met die Bruidegom wat ons ewigheid toe kan vat.

Ek wou hierdie inligting met julle deel, sodat julle kan besef wie en wat die hoer regtig is, en dat ons nie van hierdie Babiloniese sisteem deel kan wees nie.

- Ons is wel ín dit, maar kan nie deel van dit wees nie.
    - Nes Ragab die hoer in dit, in Jerigo gewees het, maar gered was deur die rooi lint, as gevolg van die belofte en die eed wat die twee verspieders vir haar gegee het, wat die Woord en die Heilige Gees simboliseer,

Die Here seën julle.

-o0o-